

TJORTS: Mense, kom ons doen dit vir die sjampanje

NETWERK24

Emile Joubert, Die Burger 14 Julie 2023

05:07

Met vandeeweek se voorbladberig in Die Burger oor die openbare teenkanting wat daar op Stellenbosch heers teen – nog – ’n beplande eiendomsontwikkeling, sou ek die teenstanders graag wou aanhits met die woorde van Winston Churchill.

Toe die Britse eerste minister tydens die Tweede Wêreldoorlog sy militêre magte moes aanspoor om Frankryk binne te val om die Duitsers te verdryf, was sy woorde: “Onthou menere, dis nie net Frankryk waarvoor ons veg nie, maar ook sjampanje.”

Stellenbosch is ’n juweel in die land se wynkroon en moet bewaar word, meen kenners. Foto's: ISTOCK

Synde die toekoms van Churchill se geliefde wynsoort en die kultuur waaruit dit spruit op die spel was, sou die Nazi's hul oorheersing van Frankryk voortsit.

Nie dat die geskil tussen Stellenbosch se inwoners en die voornemende ontwikkelaars van die geskiedkundige Libertas-plaas buite die dorp met oorlog vergelyk kan word nie. Maar wel dat die voortgesette bou van behuisingseenhede, inkopiesentrums, golfbane en wat daar ook al nog vir die toekoms beoog word, Stellenbosch van sy siel ontnem. En daardie siel is wyn. En nie enige wyn nie – Stellenbosse wyn.

Want wyn gaan oor adres, en dit gaan oor plek van oorsprong. En hier het die Stellenbosch-streek homself deur die eeue heen bewys as nie net die plek waar Suid-Afrika se voorste wyne gemaak word nie, maar ook wyne en ’n wyngemeenskap wat die juweel is in die land se wynkroon.

Diverse druifkultivars soos cabernet sauvignon, chardonnay, pinotage en chenin blanc word in uitsonderlike wyne omgetoor waarin die identiteit van Stellenbosch geproe kan word.

Wyn gaan oor adres en dit gaan oor plek van oorsprong.

Stellenbosse wyn op wêreldkaart

Stellenbosch is ook die tuiste van ikoon-handelsmerke wat die vlag vir die land se wynbedryf swaai: Kanonkop en Meerlust. Tokara en Simonsig. Thelema, Alto en Rust en Vrede. Om net 'n paar te noem.

Die vernaamste deel van die reputasie wat Suid-Afrika in die buiteland as 'n kenmerkende wynland opgebou het, word toegeskryf aan die uitsonderlike ligging van Stellenbosch, die gehalte van die wyne wat in die streek gemaak word en die heersende unieke wynkultuur onder die gemeenskap.

En dit is 'n feit. Beaam deur die duisende besoekers wat jaarliks van oor die wêreld heen Stellenbosch besoek, met wyn en daardie wynkultuur as hoof-aanloklikheid. Daar is ook die getal Stellenbosse wynhandelsmerke wat internasionale pryse en eerbewyse lossaan.

Verder onderstreep die aandag wat die streek kry by monde van gesaghebbende wynskrywers soos Jancis Robinson, Tim Atkin en Neal Martin die feit dat Wyn Stellenbosch gewis op die wêreldkaart is.

Word daar dus verder aan hierdie karakter en landskap getorring, en dit is nie net Stellenbosch se erfenis en reputasie as uitstaande wynstreek wat skade ly nie, maar die ganse Suid-Afrikaanse wynbedryf.

Net soos wat Frankryk oornag sy status as voorste wynland sou verloor as Bordeaux, Champagne en Boergondië sou swig voor die aanslae van landelike ontwikkeling tussen die befaamde wingerde, so sal hierdie land se ganse wynprofiel en -beeld benadeel word as Stellenbosch nie, wel, Stellenbosch bly nie.

Beskerm karakter

Idealisme en realiteit is moeilik versoenbaar en 'n mens kan dit verstaan.

Die Stellenbosch-munisipaliteit sit met 'n bevolking wat met rasse skrede toeneem. In 2001 was daar minder as 60 000 inwoners. Vanjaar kan dit die 200 000-kerf slaan.

Behuising word benodig. Asook 'n herdink van die streek se padstrukture waar verkeer-bottelnekke tans omtrent net so prominent 'n verskynsel hier is as bottels wyn. Kommersiële doelwitte sonder idealisme kan egter nie toegelaat word om onverpoosd nagestreef te word nie.

En dit is die gebrek aan idealisme en die weiering om die groter prentjie raak te sien wat gemaak het dat Stellenbosch reeds sy drumpel bereik het in terme van landelike ontwikkeling.

Een staptog op in die Helderberg of Stellenboschvallei is al wat dit verg om af te kyk na onder en te sien hoe baie van die streek se wynland-karakter geskend is deur kommersiële en eiendomsontwikkelings. Altesame 1 600 ha wingerde is ook die afgelope tien jaar uitgehaal.

As dit by wyn kom, is die verloor van karakter ewe tragies as die verlies van landskap en wingerd. Want dit is, soos genoem, 'n produk wie se wenslikheid en aantrekking gedryf word deur adres en plek. Skend die aard van die plek en jy skend die aard van die wyn. En Stellenbosch is een wynstreek wat die land nie kan bekostig om te verloor as hy sy volle potensiaal as 'n wynland wil verwesenlik nie.

Die huidige proteste oor daardie nuwe ontwikkeling mag wel 'n bietjie laat wees. Maar doe so voort, die volgende ronde is op my. Sjampanje en al.

emile@mediavision.co.za